

BASIESE EVALUERING (BE) EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (EMPr) VIR DIE VOORGESTELDE INSTALLERING VAN 'N BYKOMENDE 500M³ GROOTMAAT BRANDOLIE-OPGAARTENK BY DIE GROOTVLEI KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE

DEA OIE Verwysingsnommer: 12/12/20/2358

NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0000418/2011

September 2011

DOEL VAN HIERDIE DOKUMENT

Die doel van hierdie Agtergrond-inligtingsdokument (AID) is om Belangstellende en/of Geaffekteerde Partye (B&GP's) in te lig oor die Basiese Evalueringsproses (BE-proses) wat vir die voorgestelde installering van 'n bykomende 500 m³ brandolie-opgaartenk by Eskom se Grootvlei Kragstasie naby Balfour, Mpumalangaprovincie, uitgevoer word. Besonderhede betreffende die voorgestelde installering van die brandolietenk word hieronder uiteengesit.

Benewens die verskaffing van inligting oor die voorgestelde projek en die BE-proses, sal hierdie AID aan B&GP's die geleentheid bied om:

- die projek beter te verstaan ten einde kommentaar te lewer sowel as om knelpunte te opper;
- die omgewingsmagtigingsproses te verstaan ten einde doeltreffend deel te neem;
- voorstelle in te dien vir verbeterde voordele vir die voorgestelde projek;



- hul plaaslike kennis by te dra; en
 - kommentaar te lewer oor die voorgestelde spesialisstudies wat uitgevoer en in die konsep Basiese Evalueringsverslag voorgelê gaan word.
- Ingevolge Hoofstuk 3, Artikel 16 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), het Eskom Holdings SiVEST aangestel as die onafhanklike omgewingskonsultante om die nodige Basiese Evalueringsproses vir die bogenoemde voorgestelde projek te onderneem.



AGTERGROND TOT DIE VOORGESTELDE PROJEK

Die Grootvlei Kragstasie is 'n steenkoolkragstasie (ongeveer 538.9 hektaar in omvang), wat in 1969 in bedryf geneem is. Dit beskik oor ses (6) 200MW eenhede met 'n totale geïnstalleerde vermoë van 1 200MW (200MW per eenheid) wat met poeierkool (PK) deur individuele steenkoolmeulaanlegte aangevuur word. Drie van die eenhede by die Grootvlei Kragstasie is in 1989 en die oorblywende drie eenhede in 1990 in gebruiksrus (mothballed) geplaas.

Die brandolie word gebruik om hierdie ketels aan die gang te kry en af te sluit. Die brandolie-aanleg verskaf olie aan die branders van al ses (6) keteleenhede. Die brandolie word daaglik deur olietenkwaens by die kragstasie afgelewer. Die brandolie word hoofsaaklik deur Sasol verskaf van enigeen van hul twee verskaffingsdepots, naamlik Sasol Raffinadery en Sasol Depot.

Die brandolie vir die Grootvlei Kragstasie word tans in ses (6) opgaartenks geberg. Vyf (5) tenks het 'n vermoë van 97m³ elk en een het 'n vermoë van 75m³. Die totale huidige vermoë by die Grootvlei Kragstasie is dus 560m³.

Grootvlei Kragstasie stel die installering van 'n bykomende 7^{de} grootmaat brandolie-opgaartenks met 'n vermoë van 500m³ voor wat die totale vermoë van die brandolie wat by die kragstasie geberg word op 1 060m³ te staan sal bring. Daar word aan die hand gedoen dat die voorgestelde bykomende 7^{de} olietenk naby die bestaande ses (6) tenks geïnstalleer word.

Die voorgestelde studiegebied word op die liggingskaart in Figuur 1 hieronder aangedui.

KORT OORSIG VAN DIE VOORGESTELDE PROJEKSPESIFIKASIES **BASIESE EVALUERINGS-PROSES EN WET-GEWING**

Die terrein wat vir die bykomende 7^{de} brandolietenk voorgestel word, is op die eiendom van die bestaande Eskom Grootvlei Kragstasie geleë wat op die plaas Grootvlei Kragstasie 458 IR, binne die grense van die Grootvlei Kragstasie, geleë is. Die voorgestelde terrein is geïdentifiseer gegrond op die nabyheid aan die bestaande tenks en infrastruktuur.

Die voorgestelde terrein val binne die grense van die Dipaleseng Plaaslike Munisipaliteit in die Gert Sibande Distrikmunisipaliteit en omstreke. Die naaste dorp, Balfour, is sowat 19km van die terrein af op die R51 hoofweg.

BEHOEFTE AAN 'N BYKMEDE BRANDOLIE-OPGAARTENK

Die doel agter die installering van die voorgestelde opgaartenk is om die risiko van onderbroke brandstofvoorsiening af te weer wat kan plaasvind as gevolg van dienslewering- en arbeidstakings. Hierdie versekerde verskaffing sal die kragstasie help om sy opwekkingsvermoë vol te hou. Die voorgestelde bykomende 7^{de} brandolietenk sal dus verseker dat daar in die kragstasie se vraag na brandstof voldoen word.

Wat is 'n Basiese Evaluering?


'n Basiese Evaluering (BE) is 'n proses waardeur inligting wat tersaaklik is vir die oorweging van 'n spesifieke aansoek ingesamel, georganiseer, ontleed, vertolk en oorgedra word.

BE's word onderneem waar bedrywighede op kleiner skaal voorgestel word en waar die impakte minder waarskynlik wesentliche impakte op die direkte omgewing sal hê. Omgewingsbestuur en versagtingsmaatreëls word ook deur die Basiese Evalueringsproses geïdentifiseer.

Die Basiese Evaluering, soos voorgestel in Figuur 2, sal uitgevoer word ooreenkomstig die Regulasies op Omgewingsimpakevaluering (OIE-regulasies) van 2010 wat afgekondig is ingevolge Artikels 24(2) en 24D van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, in Staatskennisgewing R543. Die voorgestelde projek het 'n aktiwiteit wat in Staatskennisgewing R544 gelys is tot gevolg:

- *Lysting 1 Aktiwiteit 42*

BASIESE EVALUERINGS-PROSES



Figuur 2: Die BE-proses wat gevolg word



Bevoegde Owerheid

Die Bevoegde Owerheid vir hierdie voorgestelde projek, soos beskryf volgens die OIE-regulasies, is die Nasionale Departement van Omgewingsake (DEA).

Omgewingsvraagstukke wat tydens die BE ondersoek gaan word

SPESIALIS WAT DIE STUDIE ONDERNEEM	SPESIALISSTUDIE
Liesl Koch, SiVEST	Kantoor (Desktop) Biodiversiteit (Flora en Fauna)
Shaun Taylor, SiVEST	Oppervlakwater
Paul da Cruz SiVEST	Visuele impak
Kurt Barichiev, SiVEST	Landbou en grond
Kerry Schwartz and Lucy Chimoyi, SiVEST	GIS en Kartering
Nicolene Venter, SiVEST	Openbare deelname
Mornè de Jager, M ² Environmental Connections	Geraas
Nonka Byker and Raoul de Villiers, MasterQ	Sosio-ekonomies
Cecelia Canahai, Jeffares & Green	Geotegnies
Kobus Troskie, Groundwater Consulting Services	Grondwater
Johnny van Schalkwyk	Erfenis

Die Openbare Deelnameproses

Openbare deelname is die hoeksteen van enige BE en hierdie voorgestelde projek is geen uitsondering nie. Die hoofdoel agter openbare deelname tydens die BE is om B&GP's van genoegsame en tersaaklike inligting te voorsien en om 'n deursigtige raadplegingsproses uit te voer ten einde doeltreffende deelname regdeur die BE-proses te verseker. As deel van hierdie openbare deelnameproses sal u ook die geleentheid kry om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die Konsep Basiese Evalueeringsverslag (KBEV) en die Finale BEV (FBEV) wat op Eskom se webwerf (www.eskom.co.za/eia) en SiVEST se webwerf (www.sivest.co.za/Downloads.aspx) beskikbaar sal wees.

Ingevolge die OIE-regulasies sluit ons verantwoordelikhede in die openbare deelnameproses die volgende in:


- Ons moet sorg dat u van genoegsame inligting betreffende hierdie voorgestelde projek voorsien word, hetsy deur die AID of deur inligting bekend te maak soos en wanneer dit versoek word.
- Ons moet sorg dat u 'n begrip van die voorgestelde projek het ten einde ingeligte kommentaar te kan lewer,

en om u in staat te stel om enige knelpunt op ingeligte wyse in te dien.

- Ons moet toesien dat die volgende stappe geneem word wanneer enige kommentaar/navrae/kwessies ontvang word:

1. Die kontakbesonderhede wat u verstrekk sal in die projek se databasis opgeteken word en u sal alle verdere inligting ontvang wat bekendgemaak word;
2. wanneer u navrae of kommentaar aan ons rig, sal ons skriftelik daarop reageer; en
3. sou u ons telefonies kontak, sal u besonderhede en navrae/ kommentaar aangeteken word. Indien ons u vraag nie dadelik kan antwoord nie, sal ons u so gou moontlik terugskakel met 'n antwoord.

Dit is belangrik dat tersaaklike B&GP's en Belanghebbendes geïdentifiseer word en uit die staanspoor by die projek se openbare deelnameproses betrokke raak.





Hoe om betrokke te raak

- Deur te reageer (telefonies, per faks of e-pos) op ons uitnodiging vir u deelname wat in die pers geadverteer is.
- Deur die vergaderings by te woon wat gedurende die verloop van die projek gehou sal word. Sou u as 'n B&GP registreer, sal u outomaties uitgenooi word om hierdie vergaderings by te woon. Die datum vir die openbare vergadering/publieke opedag sal ook in die pers geadverteer word. Wees asseblief op die uitkyk vir hierdie advertensies.
- Deur telefonies met ons in verbinding te tree indien u 'n navraag het, kommentaar wil lewer of meer projekinligting verlang.
- Deur die konsep Basiese Evalueringsverslag te bestudeer en wel binne die gestipuleerde besigtigingstydperke wat in die advertensies sowel as in die brief wat aan u gerig is, aangeteken sal wees.

Indien u uself as 'n B&GP vir hierdie voorgestelde projek ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleentehede wat deur die openbare deelnameproses geskep word om aktief by die proses betrokke te raak en kommentaar of vraagstukke te opper

waaroor u meer inligting verlang. U insette in hierdie proses vorm 'n belangrike deel van die Omgewingstudies en ons sien uit om van u te hoor ten einde u sienings oor die voorgestelde projek in te win.

Deur die meegaande Registrasie- en Kommentaarvorm in te vul en aan ons terug te besorg, registreer u uself outomaties as 'n B&GP vir hierdie voorgestelde projek en verseker u dat u kommentaar en/of knelpunte wat betreffende hierdie projek geopper word, aangeteken sal word. Die openbare deelnamekonsultante sal reageer op al die kommentaar en navrae wat gedurende die verloop van die BE-proses ontvang word.

Neem asseblief kennis dat alle tersaaklike openbare dokumente van:

- SiVEST se webwerf (www.sivest.co.za/Downloads.aspx)

En

- Eskom se webwerf (www.eskom.co.za/eia) afgelaai kan word.

We look forward to your contributions.

KOMMENTAAR EN NAVRAE

Kontakpersone: Nicolene Venter of Mabel Qinisile

✉ **Posbus 2921, RIVONIA, 2128**

☎ **Tel: 011 798 0600**

✉ **E-pos: nicolenev@sivest.co.za**

of mabelq@sivest.co.za

✉ **Faks: 011 803 7272**

Webwerf: www.sivest.co.za

